basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met 15 vrae in totaal. Beantwoord slegs AGT vrae soos volg:

   AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (40 punte)
   - Beantwoord VIER van die ses vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5 en VRAAG 6. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID (60 punte)
   - Beantwoord VIER van die nege vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 8 en VRAAG 9. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 10, VRAAG 11 en VRAAG 12. Indien jy meer as EEN vraag beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 13, VRAAG 14 en VRAAG 15. Indien jy meer as EEN vraag beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat vereis word.

4. **LET WEL:** Indien jy gevra word om *te verduidelik/breedvoerig te skryf/ te beskryf/te ontleed/te evalueer/te vergelyk*, skryf jou antwoord in volsinne en gee soveel inligting as moontlik. Eenwoord-antwoorde sal NIE aanvaar word NIE.

5. Jy kan rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Goeie Afrikaans te gebruik (skryf slegs in een taal)
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in sekere vrae vereis word
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: FIKSHEIDSKOMPONENTE

1.1 Verwys na die foto hieronder en noem EEN noodsaaklike fiksheidskomponent wat die danser help om die ruggraat korrek belyn te hou.




[Bron: www.stepsnyc.com] (1)

1.2 Verduidelik hoe die komponent wat in VRAAG 1.1 genoem is, die danser se optrede/dans kan verbeter. (5)

1.3 Met verwysing na jou hoofdansvorm, beskryf VIER wyses waarop jy korrekte postuur en liggaamslyn sou herken wanneer iemand staan. (4)
**[10]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

## VRAAG 2: DANSTOEWYDING

2.1 Noem VIER maniere waarop 'n danser stres en spanning kan hanteer. (4)


2.2 Skryf in besonderhede oor hoe toewyding aan danskonvensies en waardes die sukses van jou dansoptrede kan verseker. (6)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: SPIERE EN AKSIES

**Beantwoord slegs hierdie vraag indien jy spiere en spieraksies bestudeer het.**



[Bron: loisgreenfield.com]

3.1 Beantwoord die volgende vrae oor spiere en spiergroepe.

3.1.1 Noem die spiergroep wat aan die anterior-kant van die bobeen gevind word. (1)

3.1.2 Noem die spiergroep wat aan die posterior-kant van die bobeen gevind word. (1)

3.1.3 Noem EEN van die spiere wat die ruggraat fleks. (1)

3.1.4 Noem die groot spier wat aan beide kante van die ruggraat afloop wat help met die ekstensie/strekking van die romp. (1)

## 3.2 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.2.7 A.

3.2.1 Die trapeziusspier …

A lig die skapula.
B adduseer/addukt die arm.
C strek die arm.
D abduseer/abdukt die skapula. (1)

3.2.2 Die pectoralis major-spier …

A stabiliseer die skapula.
B abduseer/abdukt die arm.
C strek die arm.
D roteer die arm mediaal/inwaarts. (1)

3.2.3 Die quadratus lumborum …

A buig die ruggraat lateraal.
B roteer die ruggraat.
C trek die abdomen na die ruggraat toe.
D buig die ruggraat. (1)

3.2.4 Die iliopsoas-spier …

A strek die been.
B roteer die been inwaarts.
C roteer die been uitwaarts.
D abduseer/abdukt die been. (1)

3.2.5 Die tibialis anterior-spier …

A plantaarfleks die enkelgewrig.
B dorsifleks die enkelgewrig.
C keer die enkelgewrig na buite (eversie).
D dorsifleks die tone. (1)

3.2.6 Die extensor hallucis longus …

A plantaarfleks die enkelgewrig.
B dorsifleks die groottoon.
C keer die enkelgewrig na buite (eversie)
D plantaarfleks die tone. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: TOEPASSING VAN VEILIGE DANSPRAKTYK

4.1 Noem VYF omgewingsvereistes waaraan 'n dansateljee/-klaskamer moet voldoen wat dansverwante beserings kan voorkom. (5)

4.2 Verduidelik, in volsinne, waarom ELKE omgewingsvereiste wat in VRAAG 4.1 genoem is, 'n besering kan voorkom. (5)
**[10]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5 en VRAAG 6.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

## VRAAG 5: VOORKOMING VAN BESERINGS EN EERSTEHULPBEHANDELING

5.1 Beskryf die beginsels wat 'n danser in die dansklas kan toepas om veilig uit 'n sprong te land. (3)

5.2 Skep 'n treffende plakkaat vir die muur van die dansateljee/-klaskamer wat verduidelik hoe om beserings te voorkom en hoe om beserings dadelik te behandel.

Jy kan 'n hele bladsy vir jou plakkaat in jou antwoordeboek gebruik. (7)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 6: OPWARMING EN AFKOELING

6.1 Beskryf DRIE belangrike veranderinge wat in die liggaam plaasvind wanneer jy opwarm. (3)

6.2 Stel 'n oefeningprogram saam wat dansers in die dansklas kan gebruik om alle dele van die liggaam op te warm. (5)

6.3 Motiveer die toepassing van TWEE veiligheidsmaatreëls wanneer strekoefeninge in jou afkoelroetine gebruik word. (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 7: DANSELEMENTE

Kies TWEE danselemente uit die lys hieronder vir ELK van die foto's (A–E). Skryf die letter (A–E) neer en langs dit die TWEE danselemente wat jy gekies het en 'n verduideliking waarom ELKE element gekies is.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| vlakke; | unison; | simmetrie; | asimmetrie; | krag; | negatiewe ruimte |
| kontraste; | positiewe ruimte; | patroon; | rigting; | vorme | |

A



[Bron: www.elementsofdance.org]

B



[Bron: www.paultaylor.com]

C



[Bron: Dancewithashley.org]

D



[Bron: Dancewithashley.org]

E



[Bron: www.chryssayama.com]

(5 x 2) **[10]**


**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 8 en VRAAG 9.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 8: OPVOERRUIMTES EN DIE FUNKSIES VAN DANS**


8.1 Identifiseer ELKE tipe opvoerruimte (A–C) wat hieronder getoon word. (3)

8.2 Verduidelik VIER funksies van dans wat deur hierdie opvoerruimtes vervul kan word. (4)

8.3 Kies EEN van die opvoerruimtes (A–C) hieronder en analiseer hoe dit die choreografie kan inspireer/verbeter. Dui die ruimte wat jy gekies het, aan. (3)




[Bron: http://montrealgazette.com]




[Bron: https://performingarts.georgetown.edu/about-us/facilities]




[Bron: kwekudee-tripdownmemorylane.blogspot.co.za] **[10]**

**OF**

## VRAAG 9: TEGNOLOGIE IN DANS

9.1 Verduidelik hoe jy die tegnologie op jou selfoon/slimfoon sou gebruik om te help met danschoreografie. (5)

9.2 Verduidelik hoe tegnologie die manier waarop choreograwe produksie-elemente in hulle danswerke gebruik, verander/beïnvloed het.


Gebruik die visuele beelde hieronder om jou te inspireer. (5)



[Bron: levimaestro.com]



[Bron: www.outube.com]



[Bron: www.viralthread.com]



[Foto: Tristram Kenton vir die *Guardian*]

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 10, VRAAG 11 en VRAAG 12.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE EN DANSWERKE**

**VRAAG 10: SYLVIA GLASSER SE *TRANCEFORMATIONS***


Sylvia Glasser se danswerk, *Tranceformations*, beklemtoon spesifieke inheemse kulturele oortuigings.

Verwys na die stelling hierbo en skryf 'n opstel wat die volgende inligting insluit:

- Beskryf die San-beswymingsdans wat Sylvia Glasser geïnspireer het om die danswerk, *Tranceformations*, te choreografeer.
- Sluit voorbeelde in van die produksie-elemente en bewegings van *Tranceformations* wat spesifieke kulturele oortuigings aan die gehoor oordra.
- Gee 'n kort oorsig van Glasser se dansgeselskap, Moving into Dance (MID), wat bygedra het tot die opleiding en vertroeteling van jong dansers.
- Evalueer waarom Sylvia Glasser welbekend is/geprys word vir haar unieke dansstyl.



[Bron: www.youtube.com]



[Bron: www.wykop.pl/link]

**[20]**

**OF**

## VRAAG 11: ALFRED HINKEL SE *BOLERO/LAST DANCE*

Skryf 'n artikel vir 'n danstydskrif en brei uit oor hoe Alfred Hinkel sy danswerk, *Bolero/Last Dance*, gebruik het om die aansien van dans in Suid-Afrika te verander.

Sluit die volgende by jou artikel in:

- Beskryf die sosiopolitieke invloede wat tot die ontwikkeling van hierdie danswerk gelei het.
- Gee spesifieke voorbeelde van hoe die musiek en produksie-elemente gebruik is om hierdie danswerk te komplementeer.
- Brei uit oor die kenmerke van Hinkel se dansstyl.
- Evalueer wat hierdie danswerk so innoverend vir daardie tyd gemaak het. **[20]**

**OF**

## VRAAG 12: SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAAF EN DANSWERK

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | *Cargo/Rain in a Dead Man's Footprints* |
| Carolyn Holden | *Imagenes* |
| Dada Masilo | *Swan Lake/Romeo and Juliet* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons/Beauty Trilogy/Skeleton Dry/Somehow Delightful* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld/Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |

Kies 'n Suid-Afrikaanse choreograaf en EEN van sy/haar danswerke uit die voorgeskrewe lys hierbo om hierdie vraag te beantwoord.

'n Dansfees gaan in jou stad gehou word om interessante danswerke deur verskillende choreograwe te bevorder.

Skryf 'n motivering waarom die choreograaf wat jy gekies het en sy/haar danswerk by die komende dansfees ingesluit moet word.

Sluit die volgende inligting by jou motivering in:

- Die naam van die choreograaf en die titel van die danswerk
- 'n Bekendstelling aan die choreograaf met kommentaar oor sy/haar reputasie en bydrae tot dans in die samelewing
- 'n Kort beskrywing van die tema/bedoeling van die danswerk en wat die werk geïnspireer het
- 'n Verduideliking van die produksie-elemente wat hierdie werk interessant maak
- Inligting oor die musiek wat verduidelik hoe dit betekenis by die werk voeg
- Waarom hierdie choreograaf se werk by die fees ingesluit moet word **[20]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 13, VRAAG 14 en VRAAG 15.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

## INTERNASIONALE CHOREOGRAWE EN DANSWERKE

## VRAAG 13: *APOLLO* EN/OF *JEWELS* DEUR GEORGE BALANCHINE

Die grootste choreograaf van ons tyd, George Balanchine, is verantwoordelik vir die suksesvolle samesmelting van moderne konsepte met ouer idees van klassieke ballet.

–1970, US News & World Report

Verwys na die aanhaling hierbo en skryf 'n opstel waarby die volgende ingesluit is:

- Beskryf wat tot Balanchine se erkenning as 'n groot choreograaf gelei het.
- Analiseer sy bewegingswoordeskat en innoverende/unieke choreografiese styl. Verwys na *Jewels* of *Apollo* of beide om jou antwoord te motiveer.
- Evalueer Balanchine se musikale loopbaan en die verwantskap tussen sy danswerke en die musiek.



[Bron: *Apollo*, wordpress.com]



[Bron: *Jewels*, www.balletandopera.com]

**[20]**

**OF**

**VRAAG 14 : *STAMPING GROUND* DEUR JIŘÍ KYLIÁN**


| |
|---|
| Dans kan as 'n universele taal sonder grense beskou word. *Stamping Ground* ontleen aan 'n spesifieke Australiese boorling ('Aboriginal') kulturele konteks vir inspirasie. |

Verwys na die stelling hierbo en skryf 'n opstel waarby die volgende ingesluit is:


- Beskryf die relevante feite oor wat Jiří Kylián beïnvloed/geïnspireer het om 'n danswerk, wat op hierdie tradisionele kultuur gegrond is, te skep.
- Analiseer hoe die choreograaf daarin geslaag het om die spesifieke Australiese boorling ('Aboriginal') kulturele konteks by hierdie kontemporêre dans te inkorporeer/saam te smelt. Gee spesifieke voorbeelde om jou antwoord te motiveer.
- Bespreek die nuwe en innoverende kenmerke, dansstyl(e), choreografiese styl/eienskappe waarvoor hierdie choreograaf bekendheid verwerf het.



[Bron: www.jirikylian.com]



[Bron: www.jirikylian.com]



[Bron: nycdancestuff.files.wordpress.com]

**[20]**

**OF**

## VRAAG 15: INTERNASIONALE CHOREOGRAAF EN DANSWERK

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances/Rooster* |
| Jiří Kylián | *Wings of Wax* |
| Martha Graham | *Lamentation/Errand into the Maze* |
| Matthew Bourne | *Swan Lake/Cinderella* |
| Mats Ek | *Giselle/Swan Lake/Carmen* |
| Pina Bausch | *The Rite of Spring* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| William Forsythe | *In the Middle, Somewhat Elevated* |

Kies EEN van die internasionale choreograwe en EEN van sy/haar danswerke uit die lys hierbo om hierdie vraag te beantwoord.

Skryf 'n resensie vir 'n danstydskrif. Sluit die volgende in:

- Gee die naam van die choreograaf en die titel van die danswerk waaroor jy skryf.
- Beskryf die invloede wat tot die prestasies van hierdie choreograaf in die danswêreld gelei het.
- Sluit 'n opsomming van die tema/bedoeling/storie van die danswerk in.
- Verduidelik hoe die produksie-elemente in hierdie danswerk gebruik word.
- Gee voorbeelde van die herkenbare dans-/choreografiese styl en kenmerke wat deur hierdie choreograaf in sy/haar danswerke gebruik word.
- Gee jou *gemotiveerde* mening oor hierdie danswerk ten opsigte van:
    - Kreatiwiteit van die choreografie
    - Vlak van optrede **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**